

Belasting

NUUSBRIEF

Augustus 2026 / Vol 10

Meer inkomste, meer belasting?



Liewe kliënt,

Ons sien al hoe meer belastingbetalers wat belastingseisoen 'n onverwagte bedrag aan SARS verskuldig is. Die eerste reaksie is dikwels: "Maar ek doen alles reg – hoekom kry ek nie 'n terugbetaling nie?"

Die antwoord lê gewoonlik by **meer as een bron van inkomste.**

Hoekom moet ek by SARS inbetaal as my PAYE elke maand afgetrek is?

In vandag se ekonomie ontvang baie mense inkomste uit verskillende bronne, byvoorbeeld:

- 'n Salaris by meer as een werkgewer;
- 'n Salaris én 'n pensioen of annuïteit;
- Deeltydse of kontrakwerk;
- 'n Belasbare toelaag of ander bykomende inkomste; of
- 'n Pensioen- of uitreeffondsuitbetaling.

Elke werkgewer of pensioenfonds bereken PAYE slegs op die inkomste wat hulle aan jou betaal. Hulle weet nie noodwendig hoeveel jy uit ander bronne ontvang nie.

Wanneer jou belastingopgawe ingedien word, voeg SARS al jou gewone belasbare inkomste saam en bereken jou belasting op die **totale bedrag**. Suid-Afrika gebruik 'n progressiewe belastingstelsel: hoe hoër jou totale belasbare inkomste, hoe hoër kan die belastingkoers op die boonste gedeelte van jou inkomste wees.

Dit beteken nie dat al jou inkomste skielik teen die hoogste koers belas word nie. Slegs die gedeelte wat in 'n hoër belastingkerf val, word teen daardie hoër koers belas.

'n Eenvoudige voorbeeld

Gestel die belastingpligtige is 50 jaar oud en ontvang gedurende die 2026-belastingjaar inkomste van twee werkgewers:

- **Werkgewer A** betaal 'n jaarlikse salaris van R200 000 en trek R18 765 PAYE af.
- **Werkgewer B** betaal 'n jaarlikse salaris van R180 000 en trek R15 165 PAYE af.

Elke werkgewer het die PAYE korrek bereken op grond van die inkomste wat daardie werkgewer betaal het. Saam het hulle dus **R33 930** PAYE aan SARS oorbetal.

Die probleem is dat die twee werkgewers nie noodwendig van mekaar weet nie. Elkeen bereken die belasting asof die salaris wat hulle betaal die persoon se enigste inkomste is.

Wanneer die belastingopgawe ingedien word, voeg SARS die twee inkomstebedrae saam:

R200 000 + R180 000 = R380 000 totale belasbare inkomste

Op 'n totale belasbare inkomste van R380 000 beloop die persoon se normale belasting vir die 2026-belastingjaar R63 072.

Slegs R33 930 is egter reeds deur die twee werkgewers betaal. Die persoon moet daarom die verskil van R29 142 aan SARS inbetaal:

R63 072 totale belasting - R33 930 PAYE = R29 142 betaalbaar

Werkgewer A en Werkgewer B het dus nie noodwendig 'n fout gemaak nie. Die tekort ontstaan omdat elke werkgewer PAYE afsonderlik bereken het, terwyl SARS die belasting uiteindelik op die persoon se **totale gekombineerde inkomste** bereken.

Dit is presies wat kan gebeur wanneer 'n persoon meer as een IRP5 of bron van inkomste het.

Pensioen- en uitreefonds-enkelbedrae word volgens afsonderlike belastingtabelle bereken en vorige onttrekkings kan die belasting beïnvloed.

Hoe voorkom jy 'n verrassing?

Laat weet ons indien jy meer as een inkomste, pensioen of IRP5 ontvang. Ons kan jou geskatte jaarlikse belasting bereken en help om:

- Bykomende PAYE maandeliks te laat aftrek;
- Voorsiening vir die moontlike tekort te maak; of
- Waar toepaslik, voorlopige belasting te betaal.

Die beste oplossing is om vroegtydig te beplan - voordat die belastingaanslag uitgereik word.



www.vectigal.co.za



076 051 6559



34 Mareestraat

